KENNISGEWING VAN OIB & WGLA PROSES

Aktiwiteit: Kennis word hiermee gegee dat die Kouga Plaaslike Munisipaliteit aansoek om Omgewingsmagtiging (OM) in terme van die OmgewingsImpakbepalingsregulasies, 2014 soos gewysig, vir die voornemende **Jeffreysbaai Rioollyn.** Hierdie aansoek word gedoen in terme van aktiwiteite gelys in die OIA Regulasies, 2014 soos gewysig, (Staatskennisgewing R 327, R 324 van 7 April 2017), gepubliseer in terme van Artikel 24(5) van die Nasionale Omgewingsbestuurswet (107 van 1998) soos gewysig. Aktiwiteite in die Noteringskennisgewing sluit in: LN 1: Aktiwiteite 10, 12, 19; LN 3: Aktiwiteite: 12, 14.

Die voornemende aktiwiteite vereis dat ’n Bassiese Assesseringsproses onderneem moet word en die relevante owerheid is die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewingsake en Toerisme.

Die **Kouga Plaaslike Munisipaliteit** sal ook aansoek doen om ’n Watergebruiklisensie / Algemene Magtiging vir Artikels 21(c) en (i) watergebruike in terme van die Nasionale Waterwet, 1998 (36 van 1998). Die watergebruikaansoek sal ingedien word by die Departement van Water en Sanitasie.

Die voornemende projek behels die opgradering van die riool pyplyn vanaf Dolphin Drive tot by die Jeffreysbaai Rooilwerke. Die voornemende pypdeursnee is 450mm tot 500mm.

Ligging: Die voornemende opgradering van die Jeffreysbaai roollyn sal geleë wees vanaf Dolphin Drive in ’n westelike rigting al langs Koraalstraat tot by Pompstasie 4A, daarna volg dit ’n grondpad in ’n westelike rigting en draai noord al langs die Jeffreysbaai Rioolwerke se grondpad, en eindig by die Rioolwerke. Die pyplynroete is geleë op Erwe 1344 en 913, Jeffreysbaai, Dele 125, 1, 2, 78 van die Plaas Estate Klein Zeekoe River 335 geleë in Wyke 11 en 14 in die Kouga Plaaslike Munisipaliteit, Sarah Baartman Distriks Munisipaliteit, Oos-Kaap.

Omgewingskonsultant: CEN Integrated Environmental Management Unit – Dr Mike Cohen / Lucille Behrens
Telefoon: 082 320 3111 / Faks: 086 504 2549
E-pos: steenbok@aerosat.co.za / lucille@environmentcen.co.za

Registrasie: Belangstellende en Geaffekteerde Persone word uitgenooi om deel te neem aan die proses deur te registreer en geskrewe kommentaar oor die voornemende ontwikkeling in te dien binne 30 dae van die kennisgewing (m.a.w. teen **19 April 2023**) aan die kontakbesonderhede bo. ’n Afskrif van die Agtergrond Inligtings Dokument is beskikbaar op CEN IEM Unit se webtuiste: www.environmentcen.co.za

Datum van kennisgewing: 17 Maart 2023